# LOKVAL VIR DIE BUITER



Gerrie Radlof

# LOKVAL VIR DIE BUITER

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

# Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is ŉ nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

LOKVAL VIR DIE BUITER
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-74-2

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van ŉ man wat 'n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean de Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as ŉ onverskrokke waaghals wat 'n onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as 'n hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.

In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy 'n swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van 'n swart trippelende hings is hy gewapen met ŉ swaard in sy hand, 'n vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg 'n perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos ŉ moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.

Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.
In hierdie vierde Buiter verhaal reeks, word die Buiter se vindingrykheid tot die uiterste getoets deur die geslepenheid van die gewetenlose Arnoldt te Kruyght, asook deur die behendigheid van Michael Hohenlanz, die beste swaardvegter in die ganse Europa. En boonop is daar die aanvallige prinses Carla wat as lokaas kan dien. Nog ’n asemrowende Buiter verhaal vol verrassings en drama.

# UITTREKSEL

Die Buiter pluk sy mes uit en druk dit tussen die twee luike in. Hulle pas gelukkig nie dig op mekaar nie. Hy skuif die mes versigtig op totdat dit teen die grendel vashaak. Stadig probeer hy dit met die kant van die mes terug skuif. Met ’n sug van verligting besef hy dat die grendel meegee. Eindelik is daar ’n klikgeluid en voel hy dat die luike los is.

Agter hulle is die voetstappe van die twee roetine-wagte. Jacques tik Jean op sy skouer om hom te waarsku. ’n Oomblik kyk die Buiter na die twee luike. Dit kom hom voor asof die geringste beweging hulle buitekant toe sal laat oopval. Hy besef egter dat as hy hier moet staan en hulle vashou, hy moontlik gesien kan word.

Hulle spring om die hoek en wag gespanne. Die wagte kom doodluiters nader gestap, op pad na die trap wat hulle tot bo-op die vleuelpunt sal voer.

Die voorste het reeds sy voet op die onderste treetjie toe die een luik ’n paar duim buitentoe swaai. Dit maak ’n kraakgeluid en op Jean se skerp ore het dit dieselfde indruk as wat ’n ontploffing sou meebring.

# INHOUD

## Hoofstukke

Hoofstuk 1..........................................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2..........................................................................Bladsy 19

Hoofstuk 3..........................................................................Bladsy 29

Hoofstuk 4..........................................................................Bladsy 41

Hoofstuk 5..........................................................................Bladsy 54

Hoofstuk 6..........................................................................Bladsy 64

Hoofstuk 7..........................................................................Bladsy 79

Hoofstuk 8..........................................................................Bladsy 93

Hoofstuk 9..........................................................................Bladsy 104

Hoofstuk 10........................................................................Bladsy 115

Hoofstuk 11........................................................................Bladsy 128

Hoofstuk 12........................................................................Bladsy 134

# LOKVAL VIR DIE BUITER
## Hoofstuk 1

Op die hoofpad tussen Muizenberg en Kaapstad jaag ’n koets in volle vaart. Die nag is donker. Die ligte van die huise teen die hange van Constantia en op die Kaapse vlakte rondom Wynberg het reeds verdwyn. Die sand en gruisklippertjies spat onder die vlieënde hoewe van die ses perde uit. Donker boomstamme verrys soos skimme langs die pad en word vir ’n oomblik weerkaats in die diere se sweet bevlekte sye wat in die sterlig blink en sweef dan weer vinnig na agter toe.

Die koetsier piets die voorste perde met sy lang, dun sweep. Hy mompel ontevrede onderwyl die snerpende wind deur sy baard speel. Sy passasiers sit al vir maande lank op die see en as hulle hier aanland, moet hulle kwansuis ewe skielik binne ’n paar minute in die Kaap kom! Hy hou nie daarvan om sy perde so te mishandel nie.

Die koets rol gevaarlik. Binne in klou die drie passasiers aan die leunings van die sitplekke vas. Dit is so donker dat hulle mekaar skaars kan sien.

By die een venster, met haar gesig na die voorkant van die koets toe, sit ’n jong meisie van ongeveer twintig. Haar gelaatstrekke is fyn besnede. Haar blou oë tuur na die donker skaduwees buite. Haar liggeel hare is sonder optooisel en die wind waai dit agter teen die met leer oorgetrekte leuning vas. Met haar een hand hou sy die kraag van haar ry jas toe om die koue van haar keel af te weer.

Oorkant haar sit ’n bejaarde man en vrou. Die vrou is ongeveer vyftig en taamlik geset. Haar ronde, sagte gelaat toon onmiskenbare tekens van bekommernis. Ook die man langs haar se gesig is ernstig en die frons op sy voorhoof trek diep plooie. Sy oë is egter kalm, soos die van iemand wat jare van lyding deurgemaak het en die plooitjies daarom getuig van baie pyn wat verduur is.

“Jy is verniet bang Anna,” sê die jong meisie. Haar stem klink effens opgewonde, maar sy probeer gerusstellend praat omdat sy sien hoedat die ouer vrou haar hande senuweeagtig in haar skoot vrywe.

“Ons het te lank op die strand versuim,” antwoord Anna, maar meer asof sy met haarself praat.

“Ek kon nie eerder ’n koets in die hande kry nie,” herinner die man haar.

“Jy het gou genoeg gemaak Rudolf,” sê die jong meisie. “Dit is ’n vreemde land en ons is in Valsbaai aan wal gesit.”
“As die wind nie teen ons was nie, sou ons veilig tot in Tafelbaai kon gevaar het,” sê Anna weer. “Ek sal nie gerus voel voordat ons die Kasteel bereik het nie.”
“Hoe weet jy dat ons daar beskerm sal word?” vra Rudolf kalm.
“Rudolf!” roep die meisie berispend uit.
“Ek is jammer Hoogheid,” antwoord hy. “Ek wil haar maar net daarop attent maak dat ons nooit heeltemal seker kan wees van waar ons skuiling sal vind nie.”
“Weet ek dit nie!” roep Anna uit. “Vier jare van swerwersbestaan, van die een uithoek van die wêreld na die ander en elke oomblik van die dag en elke sekonde van die nag verwag ek om my teen een van Franz van Starrenberg se spioene vas te loop.”
“Toe maar Anna,” troos die meisie, “miskien is die einde van ons soektog in hierdie land...”
“Hierdie land?” val Anna haar in die rede. “Ons het in die donkerte hier aangekom. Ons moet jaag asof die duiwel agter ons...” Sy laat haar sin onvoltooid. Sy sit doodstil en luister gespanne. “Luister,” sê sy hees, “ek kan perdehoewe agter ons hoor.” Meteens gil sy en haar hande gryp krampagtig na haar keel.
Van agter af het die knal van ’n pistoolskoot gekom. Die ander twee kan die perdehoewe nou ook duidelik hoor. Die voertuig ruk asof die perde geskrik het. Bo van die kis af roep die koetsier verbaas uit.
Rats en sonder aarseling spring Rudolf op en kyk deur die venster. Dan sak hy terug en bring ’n pistool te voorskyn.
“Wat is dit Rudolf?” verneem die meisie.
“Daar is ’n paar ruiters agter ons,” antwoord hy bedaard en draai hom terselfdertyd om. “Jaag vir al wat jy werd is!” beveel hy die koetsier deur die klein venstertjie bokant hom.
“Dit is te gevaarlik,” skree die man terug. “Hulle mag my raakskiet.”
“Ek sal jou dubbeld beloon,” antwoord Rudolf. “Jaag! Jaag onder hulle uit!”
Hulle kan die geklap van die sweep hoor. Die koets ruk vinniger vorentoe en kantel ’n slag gevaarlik. Van agter af knal ’n paar skote en meteens weergalm ’n aaklige roggel geskreeu bokant hulle koppe. ’n

Donker gestalte val langs die koetsvenster verby. Anna gil weer hard.
“Die koetsier is geskiet!” roep sy vreesbevange uit.
“Dan hardloop die perde nou los.” Die jong meisie raak weer angsbevange, maar haar stem klink nietemin heeltemal beheers.
“In die donkerte sal hulle hul pad amper net so maklik vind asof daar ’n drywer is.” Onderwyl Rudolf praat, leun hy by die venster uit en vuur sy pistool af.
Die skoot word onmiddellik beantwoord en ’n paar koeëls klap teen die agterkant van die koets vas.
“Buk laag!” gebied hy die vrouens. Hy is besig om sy pistool vinnig te herlaai.
Die meisie steur haar nie aan hom nie. Sy staan op en kyk uit by die klein venstertjie voor in die koets. Sy hou weerskante vas om te verhoed dat sy neergeslinger word en trek haar asem vinnig in.
“Daar is iemand op die kis!” roep sy uit. “Hy sit gebukkend, maar ek kan sy gestalte duidelik onderskei.”
“Dit is onmoontlik,” sê Rudolf. Hy steek sy kop weer by die venster uit en trek die sneller van sy wapen. As hy terug sit, sê hy bekommerd. “Hulle is baie naby. Binne ’n minuut sal hulle langs ons wees.”
Onderwyl hy laai, draai hy hom om en kyk deur die venstertjie.
“Daar is niemand op die kis nie, Hoogheid,” deel hy haar mee asof hy nie verbaas is nie. “Dit is so donker dat u ’n skaduwee vir ’n man moet aangesien het.” Sonder meer leun hy uit en skiet weer na agter toe. Aan die ander kant van die koets sit Anna met haar gesig in haar hande verberg. Die meisie het intussen opgestaan en deur die venstertjie gekyk. Die kis is inderdaad leeg. Verbaas sit sy terug.
En dan gaan ’n ruk deur Rudolf se liggaam. Hy uiter ’n kreet van pyn en tuimel op die vloer van die koets neer.
Anna gil, maar skuif vinnig van die sitplek af en trek sy kop op haar skoot. Die meisie leun vooroor.
“Rudolf,” vra sy hees, “wat makeer?”
Byna onhoorbaar antwoord hy.
“Hulle het ons uiteindelik ingehaal. Ek dank God dat ek my lewe vir u kon neerlê.”
“Moenie so praat nie Rudolf! Waar is jy getref?” Anna snik histeries. Haar liggaam wieg heen en weer. “Hulle sal ons almal doodmaak!” hyg

sy.
“In vadersnaam Anna,” roep die meisie haar toe, “bedaar nou! Kom, ons moet Rudolf help.”
“Niks kan my meer help nie,” antwoord die man sag. “En ek het nog so gehoop dat, wanneer die volk van Lutzburg eendag bevry is van die juk van Franz von Starrenberg, die naam van Rudolf Kaltner ook genoem sal word as een van die bevryders.”
“Maar natuurlik sal dit genoem word,” sê die meisie impulsief. “Wie het dan meer bygedra as jy, Rudolf?”
“Dit is nie genoeg nie. Ek wens ek kon voortgaan...” Sy stem kwyn weg. Hy sug diep.
“Moenie nou daaroor praat nie Rudolf,” beveel die meisie hom. “Ons moet eers kyk waar jy gewond is.”
Maar dan gil Anna weer. Die meisie sit stadig terug. Sy besef dat Rudolf Kaltner dood is.
En dan, vir die eerste keer dring die besef tot haar deur dat sy self ook in gevaar verkeer. Sy kom nou eers agter dat die koets tot stilstand gekom het. Terselfdertyd word sy bewus van ’n ruiter net buite die koetsdeur.
Iemand pluk die deur vinnig oop. Net ’n oomblik sien sy sy gesig en die swart masker oor sy oë. Dan koes die man weg asof hy nog verset van binne af verwag.
Stadig kom hy weer te voorskyn. Hy staar stil na die donker binnekant die voertuig. Meteens lag hy opgewek.
“Dit is alles stil hier,” roep hy oor sy skouer na iemand agter hom. Sy stem klink beskaafd. “Ek het jou mos gesê ek het die vent raak geskiet.”
Die meisie gril vir die woorde wat so ligsinnig uitgespreek word. Sy kan die ander man nie sien nie, maar hoor hom kortaf beveel.
“Haal die meisie uit!”
Die man by die koetsdeur staan effens opsy. Hy maak ’n ligte buiging, maar selfs in die donkerte voel sy die spot duidelik aan.
“Sal jy asseblief uitklim?”
’n Oomblik aarsel sy. Dan skiet ’n gedagte deur haar kop. Miskien is dit maar net struikrowers wat in buit geïnteresseerd is. Sy staan op en klim met die leertjie af wat hy vir haar neergelaat het.
Vlugtig kyk sy om haar heen en sien sewe perderuiters rondom haar.

Vlak voor haar sit die ruiter wat blykbaar die bevel gegee het dat sy moet uitkom. Instinktief kyk sy na hom.
“Ek is jammer dat ek jou planne so in die wiele moet ry, prinses Carla von Starrenberg,” sê hy stadig, sonder om die seëvierende leedvermaak in sy stem te probeer bedek.
Alhoewel sy vermoed het dat haar aanvallers van haar oom se volgelinge mag wees, skrik sy nogtans. Sy aanskou die man noukeurig, maar hy is vir haar onbekend, des te meer omdat sy gesig ook met ’n masker bedek is.
“Ons is in ’n vreemde land,” sê sy hooghartig. “Jy sal hier nie durf...”
“Ons stel nie belang in jou menings nie,” antwoord hy kortaf. “Ons is haastig, want iemand mag die pistoolskote gehoor het. Uit watter bron het jy die inligting gekry wat jou hierheen laat kom het?”
Sy kyk hom fier aan en antwoord nie.
“Ons tyd is beperk,” hervat hy, “en ek is nie van plan om met jou te speel nie. Toe, praat gou, wie is jou spioene?”
Nog antwoord sy nie. Die man voor haar klim van sy perd af.
“Kry haar aan die praat, Michael,” gebied hy die man langs haar.
Michael draai hom na haar toe.
“Hy sal jou doodmaak,” sê hy met dieselfde ligsinnigheid as vroeër. “Ek sal jou aanraai om te praat.”
Sy draai haar kop van hom af weg.
“Luister Arnoldt!” roep hy meteens uit. “Sy is ’n baie mooi meisie?”
“En wat het dit met die prys van eiers te doen?” snou Arnoldt hom toe.
“Daar is ander baie makliker maniere om haar te laat gesels.”
“Soos byvoorbeeld?”
“Sy sal nie daarvan hou as ons die ou vrou in die koets so bietjie seermaak nie.”
’n Oomblik van stilte volg. Carla von Starrenberg voel die bloed in haar are stol. Anna, haar getroue lyfbediende! Die vrou wat haar groot gemaak het en aan wie se knie sy leer bid het!
“Wat gaan julle met ons maak?” vra sy gespanne.
“Maak dit saak?” antwoord Arnoldt. “Wat ook al jul uiteinde gaan wees, jy sal tog seker nie daarvan hou dat ons haar eers moet martel nie, of hoe?”
“Ek sê weer dat julle nie die reg het om my hier in ’n vreemde land aan

te rand nie."
Arnoldt lag skor.
"Wie sal ooit hiervan weet?" vra hy honend.
"Ek sal, natuurlik."
Arnoldt kyk vererg om.
"Hou nou jou snater, Michael!" blaf hy. "Hou op met gekskeer."
"Ek het niks gesê nie," antwoord Michael, en sy stem is meteens dodelik kil. "Iemand het agter ons gepraat."
'n Doodse stilte sak skielik neer. Die twee mans by haar staan nou roerloos. Die vyf ruiters sit op hulle perde soos swart standbeelde in die nag. Een van die diere voor die koets trippel senuweeagtig. Die snerpende wind het bedaar en daar is nie 'n roering in die blare bokant hulle nie.
Uit die koets kom net die sagte geweeklaag van die getroue Anna wat by die lyk van Rudolf Kaltner sit.
"Wie het dan gepraat?" Arnoldt stoot die woorde stadig maar hard uit.
"Ek sou dit nie die geskikste van tye beskou om kennis te maak nie," antwoord die stem gemaklik. Carla kan hoor dat dit van die bome af kom, 'n entjie van hulle af. "Trouens, dit is glad nie nodig dat julle hoef te weet wie ek is nie... Staan net doodstil!" Die bevel sny onverbiddelik uit die donkerte toe Michael blitsvinnig na sy perd beweeg. Sondermeer staan hy stil.
"Kan julle hulle duidelik van alle kante af sien?" hervat die stem hard.
"Ja." Die enkele woord slaan tussen die bome uit en instinktief swaai Arnoldt en Michael hulle koppe om. Dit klink asof die antwoord uit verskillende rigtings kom en dit kom vir Carla voor asof iemand hier tussen die perde, voor die koets ook geantwoord het. Dan onthou sy meteens die gebukkende gestalte wat sy voor op die kis gesien het nadat die koetsier raak geskiet is.
"Julle het seker gehoor dat julle heeltemal omsingel is?" vra die stem weer wat eerste gepraat het.
"Ek sal bly wees om die doel van hierdie inmenging te verneem," antwoord Arnoldt, wat teen die tyd sy selfbeheersing herwin het.
"Die doel my vriend, is om te verhoed dat julle die planne uitvoer wat julle 'n paar oomblikke gelede aan die jong dame blootgelê. het."
"Hoe kan jy hier in die donkerte sien?" Daar is meteens 'n mate van

ontsag in Arnoldt se stem te bespeur.
“Hoe kan ’n uil in die nag sien?” kom die teenvraag kalm. “Maar genoeg van hierdie geredekawel. Klim op julle perde en trap. Moet ook nie omkyk voordat julle ’n goeie paar myl hiervandaan is nie. Ons sal op julle hakke bly en met die eerste verdagte beweging sal julle jul eie dood aankondig.”
’n Paar van die perderuiters skuif senuweeagtig in hul saals rond. Binne in die koets is Anna heeltemal stil. Arnoldt roer egter nie.
“Dit is maklik om daar agter die bome te skuil en bevele te gee,” roep Michael meteens uit.
Tussen die bome lag iemand sag.
“Jy klink waaghalsig, vriendjie. Ek het egter nie tyd om te speel nie. Maak dat julle dadelik wegkom!”
“Ek hou nie daarvan om voor ’n vyand te vlug wat ek nog nie eens ontmoet het nie,” werp Michael teë.
“Ek bewonder jou houding knapie, maar ongelukkig is dit teen my beginsels om kinders seer te maak.”
“Kinders?!” bulder Michael verontwaardig. “Jy besef blykbaar nie met wie jy te doen het nie.”
“Moenie te ver gaan nie, Michael,” val Arnoldt hom streng in die rede.
“Ek laat my nie beledig deur ’n uitheemse kolonialer soos hierdie nie. Michael Hohenlanz is nie verniet die beste swaardvegter van Europa nie!”
“Die tweede beste Michael,” antwoord Arnoldt. “Jy hou blykbaar nie rekening met Arnoldt te Kruyght nie.”
“Nou waarom moet ek dan stilbly?” vra Michael.
“Is dit nodig om ons name aan die wêreld te verkondig?”
“Wie sal ons as gevolg daarvan uitken? En boonop, waar sal ons weer met hierdie klomp struikrowers in aanraking kom?”
“Sodra julle twee klaar gemompel het,” kom dit van die onbekende daar tussen die bome, “sal ek bly wees om te verneem wat julle besluit het.”
“Ons het besluit om uit te vind van watter kaliber staal jou swaard gemaak is,” snou Michael hom toe.
’n Oomblik heers daar stilte. Die ander ruiters rondom die koets deel blykbaar nie hul meesters se selfvertroue nie en selfs Arnoldt voel effens huiwerig oor die waaghalsigheid van sy maat.

“Hoe lyk dit,” roep die stem hard uit. “Voel julle lus om jul litte ’n bietjie los te maak? Ons het mos lank laas ’n lekker swaardgeveg gehad.”
“Ja.” Weer die hol weerklank van die enkele antwoord tussen die bome deur.
“Storm dan!”
Toe Carla die onverwagte bevel hoor, deins sy terug en gaan staan styf teen die koets aan. Voor haar aarsel Michael net ’n oomblik en dan spring hy na sy perd toe.
“’n Man so na my hart!” roep hy ingenome uit.
Arnoldt te Kruyght deel nie die jong waaghals se optimisme nie. Hy is onbewus van die getalle van hul teenstanders en besef maar al te goed die erns van so ’n onbekende aanval. Nogtans volg hy sy vriend se voorbeeld dadelik en spring in die saal.
Die volgende beweging wat Carla sien, is die van ’n pikswart skaduwees wat tussen die agterste twee perde voor die koets uit die lug in vlieg. Dit gly oor die kis van die koetsier en kom bo-op die dak van die koets te lande. Daarvandaan, sonder aarseling, duik dit deur die lug en die volgende oomblik tuimel een van die vyf ruiters wat om die koets geskaar was, op die grond neer.
Dan word haar aandag afgetrek. Reg voor haar bars ’n gestalte tussen die bome uit. Dit is asof dit geen geluid maak nie, maar sy kan ’n flits sien waar die sterlig op sy ontblote staal glans.
“Ek kan hulle nie sien nie!” roep Arnoldt uit en Carla verbeel haar dat sy vrees in sy stem hoor.
“Hier is een voor ons!” Dit is ’n juigkreet van Michael. Hy stamp sy hakke in sy perd se sye en die dier spring die pikswart gestalte voor hom tegemoet.
Carla kyk om haar heen. Sy hoor die uitroepe van Te Kruyght se manskappe. Hulle perde spring verskrik rond. Dit kom haar voor asof daar ander ruiters tussen hulle rond beweeg, maar sy kan die een van die ander nie onderskei nie. Tweemaal sien sy manne van die perde afval. Reeds lê drie gestaltes stil op die grond.
Voor haar weerklink die slag van staal op staal. Michael en een van die aanvallers se perde is feitlik langs mekaar. Die swaarde swaai deur die lug en die vonke spat na links en regs. Dan sien sy hoe Arnoldt agter

die gitswart gestalte in beweeg. Onwillekeurig gaan haar hand na haar mond. Sy wil hom waarsku, maar terselfdertyd skiet ’n skaduwee voor haar verby. Hy is te voet, maar sy kan die glansende swaard in sy hand duidelik sien.

“Agter u m’sieur!” roep die man uit, onderwyl hy na die drie perderuiters toe storm.

Carla herken die taal as Frans. Sy kan dit goed praat. Sy besef ook dat die man wat hier voor haar teen Michael en Arnoldt te staan gekom het, die leier van haar redders moet wees. Dit flits meteens deur haar brein dat hierdie omwenteling haar moontlik maar net in ’n nuwe penarie sal laat beland. Tog bid sy vurig dat die onbekende indringers die oorhand moet kry, want sy weet dat daar vir haar geen swaarder lot kan wees as om in die hande van Franz von Starrenberg se manne te val nie.

Miskien en meteens ontbrand daar nuwe hoop in haar hart, miskien is dit Karel Stach, die man wat die boodskap vir haar na Batavia gestuur het, dat hy inligting het en dat haar broer moontlik hier gevind kan word. Miskien is dit Karel en sy manne wat tot haar redding gekom het?

Arnoldt te Kruyght het omgeswaai toe hy die uitroep van die naderende aanvaller hoor. Hy draai sy perd om, maar reeds het die swart figuur blitsvinnig onder die dier ingeduik. Hy gryp Arnoldt aan sy been en pluk hom uit die saal. Te Kruyght laat die toom los. Hy skiet homself van die perd af weg en kom op sy voete te lande. As hy omswaai, is hy net betyds om die eerste swaard steek af te weer. Vir ’n oomblik word hy terug gedryf, maar dan besef hy dat hy sy teenstander makliker sal kan oorwin onder normale omstandighede, want skielik word daar ’n paar nadele vir hom duidelik. Die man met wie hy te doen het, is van kop tot tone in swart geklee. Sy voete beweeg geluidloos oor die grond. Boonop kom dit vir Arnoldt voor asof die man elke beweging van hom duidelik kan sien. Op sy beurt kan hy die swaard se punt van sy teenstander egter skaars sien voordat dit nie eers ’n paar duim van hom af is nie. Nogtans gee hy nie meer as ’n tree mee nie. Sy regterarm word gaandeweg moeg, want vir elke steek van sy teenstander, gee hy twee of drie om te verseker dat sy swaard altyd beskermend voor hom bly.

’n Paar tree van hulle af trippel Michael Hohenlanz se perd senuweeagtig rond. Sy teenstander op die pikswart dier, beur duim vir duim nader en Michael is verplig om af en toe die toom effens in te hou,

ten einde sy perd te laat terug tree in die rigting van die koets. Die sweet pêrel op sy voorhoof. Sy swaard swiep weer deur die lug.
“Dit is ’n plesier,” hyg hy dit uit, “dit is ’n absolute wonderwerk om ’n teenstander soos jy in hierdie uithoeke van die wêreld raak te loop.”
“Jy is nogal self nie te onbeholpe nie,” antwoord die ander man kalm. Michael se oë rek ’n bietjie wyer. Dit is asof die vent ewe kalm en bedaard op sy perd sit en geen inspanning hoegenaamd ondervind nie!
“Dit is net ’n bietjie donker,” roep Michael uit. “Ek sou jou graag op gelyke voet in helder daglig wil ontmoet.”
“Selfs dit sal ’n genoeë wees,” antwoord die man. “Dit is duidelik dat jou oë glad nie so gewoond is aan die donkerte nie.”
“Kom ons maak ’n afspraak.” Michael het reeds tot die gevolgtrekking gekom dat hy hier nie die pyp sal rook nie.
“Dit sal ’n bietjie moeilik wees, Michael Hohenlanz.” Die vreemdeling lag sag. “Ons sal dit maar aan die toeval moet oorlaat, indien daar vir jou hierna nog so iets soos die toeval kan wees.”
“Wie is jy?” vra Michael onderwyl hy sy swaard met alle geweld voor hom verby kap om die punt van sy teenstander sin nogmaals weg te dryf.
“Dit is net die moeilikheid. In die nag staan ek bekend as die Buiter. Bedags...”
“Die Buiter!” Michael hyg die woorde hees uit. “Ek het al van jou gehoor. Ek is nog maar kort in hierdie land, maar ek het jou naam seker al meer kere gehoor as die van enige ander mens in hierdie geweste.”
“Dan besef jy seker nou watter waaghalsige ding jy gedoen het om my uit te daag!”
“Dit is net omdat jy beter kan sien.” Michael laat die toom los en vee die sweet met sy linkerhand uit sy oë. Hy stuit vir niks ter wêreld nie. Hy sal nie weghardloop vir die duiwel nie, maar nou is hy meteens bang.
Hy span sy kragte tot die uiterste toe in. Nog vinniger as voorheen flits sy swaard heen en weer. Die skielike aanval laat sy teenstander effens terugdeins en Michael maak van die geleentheid gebruik. Hy skop sy perd genadeloos in sy lieste. Die dier spring weg en met ’n wye boog jaag Michael om die Buiter. Voor hom sien hy twee manne veg. Die een moet Arnoldt te Kruyght wees. Hy jaag op Arnoldt se teenstander

af.
“Op jou perd Arnoldt! Ons moet ons uit die voete maak. Drie van ons manne is reeds op die grond.”
Arnoldt te Kruyght ken Michael Hohenlanz reeds jare lank. Nog nooit vantevore het hy hom sien vlug nie en onmiddellik besef hy dat hul gevaar groter moet wees as wat hy self kan oordeel.
Arnoldt se teenstander moes vinnig opsy spring om voor Michael se perd weg te kom en Arnoldt maak van die geleentheid gebruik om met twee spronge in die saal te land.
“Val terug!” bulder Michael vir hul twee volgelinge, wat aan die ander kant van die koets met twee van die aanvallers besig is. Sonder om te kyk of hulle sy bevele uitvoer, ruk hy sy perd om en jaag anderkant die koets langs. Soos ’n warrelwind storm hy tussen die vier ruiters in en die volgende oomblik streep sy twee manne agter hom aan, op pad Wynberg se kant toe. Na die Kaapse kant jaag Arnoldt en die paar manne onverpoosd voort.
Die kêrel wat Arnoldt van sy perd af gepluk het, draai hom na Michael se teenstander toe.
“Moet ons hulle agterna sit, m’sieur?”
“Nee wat,” Die Buiter lag. “Laat hulle maar hul gang gaan. Ons sal liewer hier verneem wat aan die gang is.” Hy swaai hom van sy perd af en gee die toom aan die man wat hom aangespreek het. Hy lag skielik weer op sy sagte manier.
“Daardie klein Michael is ’n waardige teenstander, hoor,” roep hy uit. “Ek sal hom nogal graag weer wil ontmoet. Het jy gesien hoe hy sy vriend Arnoldt, uit die verknorsing gehelp het? En daarna is hy anderkant die koets om om sy twee manne te help ontvlug. Hy self het natuurlik besef dat hulle aan die kortste ent trek, maar alhoewel hy gevlug het, het hy dit op ’n meesterlike en onverskrokke manier gedoen. Nee, laat hulle maar gaan. Kom, ons ontrafel eers die geheim van die prinses Carla von Starrenberg.”

# Hoofstuk 2

Carla se hart klop benoud onderwyl die Buiter na haar toe aangestap kom. Die getroue Anna het gedurende die geveg uitgeklim en staan nou ook teen die voorwiel van die koets.
Carla het die beskaafde stem van die Buiter gehoor. Sy het ook uit Michael se houding agter gekom dat hy ’n bobaas-swaardvegter teëgekom het. Sy weet dat hierdie fyn kuns grotendeels tot die hoër klasse beperk is en voel derhalwe verlig by die besef dat sy dus nie hier met struikrowers te doen het nie.
Sy kan die volmaak geboude gestalte vlak voor haar duidelik onderskei. Sy gesig is met ’n masker bedek en van kop tot tone is hy in swart geklee. In sy gordel steek ’n pistool en sy lei af dat die swaard in ’n skede in die saalsak van sy perd terug geplaas moet wees.
“Ek hoop dat die skermutseling u nie te veel ontstel het nie,” sê die Buiter gemaklik en beleef.
“Ek lewe nog,” antwoord sy effens uitasem, “maar ek weet nie aan wie ek my redding te danke het nie?”
Hy lag.
“Soos ek ons vriend Michael reeds meegedeel het, staan ek bekend as die Buiter en ook as u vriend,” voeg hy haastig by. “Dit is ’n verduideliking waarmee u tevrede sal moet wees.”
“Maar ek verstaan nie die gewaad wat u aan het en die masker!”
“Ek het u reeds gesê dat ek u ongelukkig niks verder kan meedeel nie. Ek gee aan die hand dat u my nou inlig aangaande uself. Eerstens, waarheen is u op pad?”
Sy aarsel net vir ’n oomblik. Sy is egter heeltemal gerusgestel deur sy houding.
“Ek is op pad na die goewerneur.”
“Sal u dan asseblief weer in die koets klim?”
Sy sien skaars die beweging wat hy voor haar maak, maar onmiddellik daarna spring een van die swart geklede manne op die kis. Die Buiter self stap agter die koets om en sy hoor hoe dat hy met sy ander volgelinge gesels. ’n Paar oomblikke later klim hy agter haar aan by die leertjie op en klap die deur toe.
“Ek het net gou gekyk of die gesneuweldes heeltemal buite bereik van

aardse hulp is," deel hy haar kalm mee, nadat hy teenoor haar plaasgeneem het. Sy kan hom nou glad nie in die donkerte sien nie. "Ongelukkig sal ons geen inligting uit hulle kry nie. Heel waarskynlik sal hul makkers terugkom en hulle verwyder."

Onderwyl hy praat, het die koets begin beweeg. Carla het intussen deur die venstertjie na die koetskis gekyk.

"Net so het hy gelyk!" roep sy meteens uit.

"Van wie praat u?"

"Kort voordat Te Kruyght-hulle ons ingehaal het, het hulle die koetsier geskiet. Daarna het ek 'n gebukkende gestalte hier bo gesien."

Die Buiter lag sag.

"In daardie stadium was een van my manne reeds by die koets. Dit is hy wat opgespring en die perde onder bedwang gekry het. As dit moontlik was, sou hy onder julle agtervolgers uitgejaag het, maar hy kon dit nie regkry nie. Gelukkig was ons ander naby en kon ons op die toneel verskyn voordat hulle u enige leed berokken het."

"Maar waar kom u vandaan? Hoe is dit dat u weet?"

"Weereens moet ek u teleurstel." Die Buiter se stem bly sag en beleef. "As u nie omgee nie, sal ek nou die beloning vir my reddingswerk eis."

Carla von Starrenberg verstyf effens. Sy het so iets nie verwag nie.

"U beloning?" vra sy huiwerig.

"Ja," antwoord hy. "U moet my vertel wat aangaan, waar u vandaan kom en hoekom hierdie aanval op u geloods is."

Sy sug van verligting en stoot haar hare effens reg.

"Ek sal u vertel..." begin sy.

"Hoogheid," kom dit onverwags van Anna, wat blykbaar intussen heeltemal tot verhaal gekom het.

"Hoe weet u dat ons hierdie mense kan vertrou?"

Die Buiter draai hom in haar rigting. In die donkerte haal hy sy skouers op.

"Die inligting wat ek vra is reeds in besit van u vyande," sê hy bedaard. "Ek kan daarmee niks doen nie, behalwe miskien iets tot u voordeel."

"Hy het reg," sê Carla. "Wees gerus Anna. Ek voel dat ons 'n vriend ontdek het."

"Dankie," sê die Buiter galant.

"Ek is 'n prinses van Lutzburg," hervat Carla. "My ouers is jare gelede